SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

SSK, 'n gevestigde en gediversifiseerde landbou- onderneming, beskik tans oor die volgende loopbaangeleentheid in sy bedieningsgebied.

TEGNIESE ADVISEUR : BESPROEIING

Die posbekleër sal in die **Mosselbaai/ George** omgewing gebasseer wees en aan die Senior Bestuurder: Handel rapporteer en sal primêr verantwoordelik wees om kliënte van verwante advies te bedien t.o.v. nuwe en bestaande besproeiing stelsels. Verder meer sal die verantwoordelikhede ook o.a. die volgende insluit:

- Foutopsporing van nuwe en bestaande besproeiing stelsels.
- Ontwerp van besproeiing stelsels wat wissel van oorhoofse-, semi-permanente en permanente spuite tot spilpunt besproeiing asook drup- en mikro- stelsels.
- Verkryging van nuwe kliënte.
- Opmeet en kartering van nuwe besproeiing stelsels m.b.v. GPS en Model maker.
- Evaluering en opgradering van bestaande besproeiing stelsels met die oog op stelsel doeltreffendheid en energie besparing.
- Die opstel van hoeveelheidslyste en kwotasies.
- Hulpverlening met pomp seleksies en aanbevelings.
- Die pro- aktiewe bemarking van besproeiingstoerusting.
- Die deurlopende optimalisering van die relevante produkreekse in oorleg met die Aankope afdeling.
- Die bied van opleiding op genoemde produkreekse, asook rak bevoorrading en algemene netheid en huishouding.

Die ideale kandidaat sal oor 'n naskoolse kwalifikasie in die ontwerp van besproeiing stelsels met bewese tegniese kennis oor veral landbou besproeiing beskik, goed tweetalig wees, akkuraat en flink onder druk kan werk, asook oor 'n kliëntediens ingesteldheid beskik. Rekenaar vaardigheid met veral MS Office (Word en Excel), Model Maker (Irrimaker) en kennis van *Google Earth* is verdere vereistes. 'n Passie vir die landboubedryf, asook 'n goeie algemene kennis van landbouprodukte, sal u aansoek versterk.

In ruil vir u prestasie in bovermelde posisie en bydrae tot SSK se sukses en groei bied ons 'n mededingende alles-insluitende vergoedingspakket.

Aansoekvorms is beskikbaar op SSK se webblad by **www.ssk.co.za** of kan by **hr@ssk.co.za** aangevra word. Rig u volledig voltooide aansoek, tesame met 'n dekbrief en 'n bondige CV, met vermelding van verwagte vergoeding en 'n kontaknommer asook ten minste drie kontakbare referente, aan Die Bestuurder: Arbeidsverhoudinge. U kan u aansoek e-pos aan Leon.Claassen@ssk.co.za. **U aansoek moet nie later as Woensdag 31 Julie 2024 ingedien wees nie.**

Neem kennis dat, indien u geen terugvoering van die adverteerder binne een maand na sluitingsdatum ontvang het nie, u kan aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was. SSK behou die reg voor om nie enige vakature te vul nie. SSK is 'n gelyke-geleentheid werkgewer.

Agri Land SSK